Publication: Burger,DieSaturday(Oos-Kaap) (Sport)
Publication Date: 29 Apr 2017
Page: 17

AVE: 7294.50
Circulation: 9057
Part: 1 of 1

# Klaasen aan spits van Tuks se krieketsege

Tinus van Staden

Min krieketspelers wat die afgelope week op die nasionale klubtoernooi in aksie was, kan daarmee spog dat hulle die Proteas se spesiale spanlied ken.

Heinrich Klaasen van die seëvierende Tukkies is egter een van daardie spelers.

Nadat hy verlede maand saam met die Proteas se toetsgroep in Nieu-Seeland getoer het, het hy sy universiteitspan die afgelope week gehelp om die Klubkampioenskap in Pretoria te wen.

Klaasen het boonop dié toernooi as die Kolwer van die Week, Speler van die Week én voorste lopiemaker afgesluit.

Dié paaltjiewagter het 289 lopies teen 'n gemiddeld van 72.2 in vyf wedstryde gemoker.

Klaasen se span het vier van sy vyf wedstryde op dié toernooi gewen. Slegs die Maties kon die Tukkies klop.

Dié sege het boonop die kroon gespan op 'n uiters suksesvolle seisoen vir die Tukkies se krieketspan.

Tuks het ook die Noordelikes-krieketunie (NKU) se Premierliga, NKU se T20-toernooi en die NKU se Tydkrieket-toernooi gewen.

Die span het teen die Pukke in die Varsity-toernooi se eindstryd verloor.

Tuks word deur die eertydse paaltjiewagter van Nieu-Seeland, die gebore Suid-Afrikaner Kruger van Wyk, afgerig.

"Ons het 'n baie jong span. Sewe van die spelers het hul buiging in dié toernooi gemaak. Ek skryf ons sukses toe aan die spelers se houding. Hulle wou graag wen en was bereid om tot die laaste bal te veg om so te maak," sê Van Wyk.

Vanjaar se reeks is in 'n nuwe formaat beslis. Slegs ses spanne, wat elk hul streek se franchisespan verteenwoordig, het deelgeneem.



Heinrich Klaasen Donderdag vir Tukkies teen die Maties in aksie. Foto: GALLO IMAGES

Tuks was die Titans se verteenwoordiger en hulle het boaan die puntelys geëindig met vier oorwinnings in vyf wedstryde. Pukke, wat die Lions verteenwoordig het, het tweede geëindig met die Maties, die Cobras se verteenwoordiger, derde.

Pukke en Maties het albei ook net een wedstryd verloor, maar Tukkies het meer bonuspunte as dié twee spanne ingesamel.

Kovsies het die Knights verteenwoordig, terwyl die Universiteit van Fort Hare die Warriors verteenwoordig het.

Die enigste span wat nié 'n universiteitspan is nie, was die Crusaders-krieketklub wat die Dolphins verteenwoordig het.

Nicholas Hewer van Crusaders het die toernooi as die voorste paaltjievraat afgesluit. Hy het 14 slagoffers in vyf wedstryde geëis.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.